
OXFORD.

S.A. BLY IN GROOT

# 50 Jaar gelede | 10 Julie 1969

**Amerikaners gee pad:** Pres. Richard M. Nixon het gister opdrag gegee dat die Amerikaanse burgerlike en militêre personeel in die buiteland met tien persent verminder word, 'n vermindering van sowat 20 000 man. Uit Suid-Viëtnam word sowat 380 van die sowat 3 800 burgerlikes teruggeroep. Pres. Nixon het in Junie aangekondig dat 25 000 troepe teen die einde van dié maand uit Viëtnam onttrek sou word en dat beoog word om altesame 100 000 troepe voor die einde van die jaar uit dié gebied te onttrek.

**Gough onder sneeu:** Die hele Gough-eiland is nou toe onder die sneeu nadat sneeu gistemag daar geval het. Hierdie toestand sal die toestand na die twee vermiste weerkundiges nog verder bemoeilik. Alle spore van die twee vermistes is reeds uitgewis. Die moontlikheid dat hulle nog lewe, is nou baie skraal.

**Leeus in Tygerberg:** 'n Leeukamp, op een na die grootste in 'n Suid-Afrikaanse dieretuin, word nou by die Tygerberg Dieretuin in Kraalfontein gebou. Die kamp is 120 vt. lank en 60 vt. wyd en sal met dik ruite-ogiesdraad omhein word. Die leeus sal in die nuwe kamp in hulle natuurlike staat kan lewe.

**Makriel oral:** Besonder groot makriel word sedert Sondagnag in buitengewoon groot hoeveelhede langs die Weskus gevang, en inmaakfabrieke verwerk tot 800 ton vis per dag. Volgens vissers in die omgewing is sulke groot vangste dié tyd van die jaar heeltemal ontydig aangesien groot skole makriel gewoonlik in Januarie en Februarie aangetref word. Die talrykheid van die vis word aan die huidige gunstige weersomstandighede toegeskryf. Die vis is uitermate groot en geweldig vet en fabrieke ondervind moeite om dit tot vismeel te verwerk. Van die grootste weeg tussen sewe en agt pond stuk. Dit is moeilik om vis van hierdie grootte in te maak, want nadat die vis met 'n masjien in stukke gesny is, moet dit weer met die hand deurgesny word om in blikkies te pas. Nóg goeie vangste kan verwag word.